# DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG SE FINALE ONTTREKKING UIT DIE TEATER VAN SUID-ANGOLA EN NOORD-NAMIBIË – DIE EINDE VAN ’N ERA

**Leo Barnard**[1]

***Abstract***

*The physical presence of the SAAF in the Border War in Namibia was presumed to take place in relative peacefulness during Operation Agree. The unexpected invasion of SWAPO cadres on 1 April 1989 (the Nine Days' War) changed the military scene radically and caused the SAAF to find itself once more in the midst of serious hostilities. After the hostilities had been ended the last task of the SAAF was to withdraw graciously from a war zone that had been the home of thousands of air force men for 23 years.*

Die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM) se fisiese betrokkenheid in die Grensoorlog in SWA/Namibië word afgesluit met Operasie Agree, waartydens die Lugmag totaal uit die gebied onttrek sou word. Hiermee sou Resolusie 435 van die Verenigde Nasies finaal in Namibië tot stand kom, waarvolgens die gebied sy soewereine onafhanklikheid sou verkry deur middel van ’n verkiesing, waardeur ’n regering vir die gebied aangewys sou word. Dit was die direkte gevolg van die vredesonderhandelinge wat finaal in Junie 1988 beklink is. Hiervolgens sou die SWAPO-magte en sy PLAN-vegters teruggetrek word tot in gebiede noord van die 16°-suiderbreedtelyn. Aan Suid-Afrika se kant het dit weer beteken dat sy militêre mag in SWA/Namibië teen ’n voorafbepaalde skaal moes onttrek. Dit het daarop neergekom dat die onttrekking van die Suid-Afrikaanse troepe in vyf fases sou geskied, met die laaste onttrekking na die onafhanklikheidsverkiesing van Namibië in November 1989.

In lugmaggeledere is daar teen die begin van 1989 algemeen aanvaar dat hierdie weermagsdeel se aandeel aan die Grensoorlog op 27 Junie 1988 tot ’n einde gekom het. Die vyandelikhede in suidoos-Angola (operasies Packer, Hooper en Modulêr) het vir die SAW vir alle praktiese doeleindes geëindig met die onttrekking van al sy ontplooide operasionele lugvermoëns uit hierdie teater.

[1] Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat. E-pos: leobarnard@vodamail.co.za

Die enigste vyandelikhede was in die omgewing van die Calueque-dam en -waterskema waar die magte van 61 MEG van kol. Mike Muller met elemente van die Kubaanse magte slaags geraak het.[2]

Verskeie missielstelsels, wat deur die Kubane beman is, het doeltreffend verseker dat die SALM geen effektiewe steun aan die grondmagte kon verleen nie. Teen 14:00, op 27 Junie 1988, het 8 X Mig-vegters van die Kubane die Calueque-damwal aangeval. Van die bomme was voltreffers en het die bovlak van die damwal beskadig. Een Mig se bomme was egter heeltemal van teiken af, en het met 'n voltreffer die pypleiding tussen Calueque en Ruacana buite aksie gestel. Wat die Suid-Afrikaanse magte betref, het twee bomme, wat vermoedelik van teiken af was, hulle gevoelige verliese toegedien. Nie minder nie as 12 Suid-Afrikaanse soldate het gesneuwel toe bomme naby 'n Eland-pantserkar en 'n Buffel-troepedraer ontplof het.[3]

Twee Puma-helikopters met kol. John Church en kapt. Mike McGee is vanaf Ruacana gestuur om gewondes, sowel as die gesneuweldes, af te voer. Op die oog af wou dit voorkom asof hierdie missie/uitvlug die laaste sou wees wat deur die SALM in 'n agressiewe bui teen die vyand onderneem is. Die ironie van hierdie vyandelikhede en verlies aan lewens was dat die hoof van die SAW, genl. Jannie Geldenhuys, lede van die Departement van Buitelandse Sake en die onderhandelingspan reeds na die RSA vertrek het, nadat hulle met die Angolese en Kubane ooreengekom het om vyandelikhede tussen die gewapende magte te beëindig.[4] Dit was enkele ure te laat om die lewens van jongmense te red wat in 'n oorlog in die verre vreemde betrokke was.

Wat nou oorgebly het, was om die onderhandelde skikkingsplan onder die wakende oog van die UNTAG-magte uit te voer. Dit sou 'n langsame proses wees, want die opbou van gewapende magte oor 'n tydperk van 23 jaar sou nie in enkele ure ongedaan gemaak kon word nie.

Vroeg in 1989 het die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, genl. Jannie Geldenhuys, reeds aangekondig dat die Weermag sy onttrekking uit die gebied bespoedig het, en dat troepe en voorrade per pad, spoor, lug en see na Suid-Afrika teruggeneem sou word. Wat die Suid-Afrikaanse Lugmag betref, was daar op 1 April 1989 - die finale implementeringsdatum van Resolusie 435 - slegs die personeel aanwesig wat met die ontruiming van die Lugmag uit die gebied gemoeid was. Kragtens die VN Resolusie 435 en die Onderhandelde Skikkingsplan vir die onafhanklikheid van SWA/Namibië, is beslis dat die SA Lugmag se Suidwes-Afrika Hoofkwartier, Westelike Lugkommandement, steeds in "Bastion" by Windhoek

2 *Eenheidsgeskiedenis*. Die geskiedenis van 310 Lugmagbevelspos (LMBP) vanaf 1976 tot Junie 1989, pp. 34-36. Vergelyk ook G Hattingh, SJ McGuinness, Eenheidsgeskiedenis. *Die geskiedenis van 42 Eskader van die Suid-Afrikaanse Lugmag vanaf 23 Januarie 1945 tot 31 Maart 1989*, (*s.a., s.l.*), p. 161

3 *Ibid*. Vergelyk ook E George, *The Cuban intervention in Angola, 1865-1991. From Che Guevara to Cuito Cuanavale* (Londen, 2005), pp. 239-245.

4 George, pp. 239-245.

gesetel sou wees. Die rede hiervoor was dat SALM-lede steeds die noordelike lugmagbasisse sou bedryf tot na die verkiesing. Hierdie totale SALM-afvaardiging het bestaan uit 495 lede wat getallegewys daagliks deur die UNTAG gemonitor sou word. Hierdie lugmaglede het met die VN se goedkeuring gedien as "military personnel performing necessary humanitarian services".

Dit is verder met die VN beding dat die gesagstruktuur, bv. die bevelvoerder, sy operasie-, logistieke en personeel-koördineerders van die lugmagbasisse Mpacha, Grootfontein, Rundu en Ondangwa steeds in uniform geklee sou bly om skakeling te vergemaklik, en dat die res van die personeel in siviele drag diens sou verrig. Daarmee saam is al die vegvliegtuie, transportvliegtuie, Pumas en die meeste Alouette III's uit die gebied onttrek. In hierdie stadium was daar slegs vyf Alouette III-helikopters van die SA Lugmag in die noorde van SWA/Namibië teenwoordig, naamlik drie op Ondangwa, en een elk op Ruacana en Eenhana. Die belangrike feit om in ag te neem, is dat die SALM in hierdie stadium opdrag gehad het om al die 20 mm.- kanonne uit die Alouette III's te neem en solank met die stapeling van die ammunisie te begin, sodat die onttrekking vinnig en sonder haakplek kon verloop. Wat die SALM betref, het hulle dus op 1 April 1989 in Namibië die somtotaal van vyf Alouette's gehad vir troeperingsvlugte.[5]

Hierdie SA Lugmag-afvaardiging was militêr gesproke in beheer van die SAW se belange in SWA/Namibië. Die SA Leër en ander het reeds teen April uit die gebied onttrek en na die SA militêre basis in Walvisbaai teruggekeer.[6] Die Merlin–mag[7] was slegs 'n gereedheidsmag, sou verkiesingsake verkeerd loop. Dit was deel van die onderhandelde skikkingsplan en het beteken dat die SAW nie militêre beheer in SWA/Namibië gehad het nie.

Teen vroeg die oggend van 1 April 1989 was daar min mense, buite die dampkring van SWAPO, wat dit nie as 'n gewone vroeë herfsdag in Namibië sou ervaar nie. Vir die SALM het die groot oppak begin en die lugmagpersoneel was oor die hele gebied besig met die finale reëlings vir die ontruiming. Die senior offisiere was, onder die bevel van genl. (brig.) Willem Hechter, by Ondangwa besig om verdere reëlings in verband met die onttrekking uit die gebied te tref. Teen 09:00 die oggend het die SA Lugmag vir die eerste keer van die grootskaalse inval van PLAN kennis geneem toe die teeninsurgensie-eenheid (die vroeëre Suidwes-Afrikaanse Polisie,

---

5 *Leo Barnard-versameling*, bandopname van onderhoude met genl. Willem Hechter, 12 Maart 1997; brig.-genl. HAP Potgieter, 13 Maart 1997; maj. Alan Slade, 3 Maart 1997.

6 Die outeur was 'n ooggetuie van die kilometers en kilometers van SA gevegmagte wat op 31 Maart 1989 na die SA militêre basis op Rooikop buite Walvisbaai, teruggetrek het. Op die teerpad tussen Usakos en Swakopmund was daar in een stadium 'n konvooi van pantserkarre, troepedraers, G5- en G6-kanonne, en tenks op hulle vervoerwaens wat etlike kilometers beslaan het. Die SAW het dus letterlik tot op die laaste oomblik gewag om sy "hardeware" uit die noorde van SWA/Namibië te onttrek.

7 Merlin was die kodenaam vir die operasie waarvolgens ongeveer 1 500 lede van die SAW tot na die verkiesing van 1 November 1989 in Namibië moes agterbly.

SWAPOL TIN - vroeër KOEVOET genoem) in 'n dringende oproep die hulp van die geskuthelikopters versoek het om die inval van PLAN af te slaan. Kol. (kmdt.) John Church het die dringende versoek met Hechter bespreek, wat eers toestemming van hoër gesag moes kry.[8] Die antwoord het veral die helikopterdrywers sprakeloos gehad. Pretoria se antwoord was dat daar 'n skietstilstand tussen die SA Weermag en PLAN was en dat die Alouette slegs vir doeleindes van bevel- en beheerprosesse gebruik mag word. Dit is uitdruklik gestel dat daar beslis nie uit enige Suid-Afrikaanse helikopter op PLAN-vegters gevuur mag word nie.

Dit is onder hierdie soort frustrasie dat die helikopterbemannings hulle vliegtuie slaggereed gekry het om die polisie te hulp te snel. Heelwat later die dag, toe die volle omvang van die inval bekend geword het, het die bemannings van die geskuthelikopters toestemming ontvang om weer hulle 20 mm.-kanonne te monteer om dit moontlik te maak om op die PLAN-vegters te skiet. Teen die middag het dit duidelik begin word dat SWAPO 'n inval uitgevoer het met ongeveer 1 600 van sy bes-opgeleide troepe oor 'n wye front wat gestrek het vanaf Ehomba, in die weste, tot Nkongo, in die ooste.[9] Vir die SA Lugmag was daar geen ander opsie as om onmiddellik tot die stryd toe te tree nie en 'n verskeidenheid optredes is terselfdertyd geïnisieer om hulle teenwoordigheid in die gebied te laat geld. In die eerste plek is die bestaande vyf helikopters in Ovamboland weer op 'n gereedheidsgrondslag geplaas en is ook inderhaas met ammunisieaanvullings begin. Van die administratiewe en logistiese personeel van die Lugmag onthou nog goed hoe hulle ammunisie per vragmotor oor groot afstande moes vervoer na die voorste lugmagbasisse, waar daar met die verloop van die militêre stryd van nege dae ernstige tekorte ontstaan het - en dit terwyl hulle dieselfde ammunisie dae vantevore met groot moeite na Oshakati vervoer het.

Selfs 'n Kudu en sy vlieënier, kapt. Chris de Beer, sou nie toelaat dat die Suid-Afrikaanse verdedigingsmag sonder broodnodige ammunisie was nie. Met sy Kudu, wat totaal oorlaai was met nege kaste 20mm.-kanon-ammunisie, het hy die gevaarlike tog na Ruacana aangepak om die tekorte, wat weens die gevegte ontstaan het, aan te vul.[10]

By die basisse in die RSA is ook geen steen onaangeraak gelaat om die Lugmag in SWA/Namibië weer op volle sterkte te kry nie. Met elke beskikbare vragvliegtuig, maar veral die C130's en C160's is daar byna onmiddellik met 'n noodlugbrug na die noorde van SWA/Namibië begin. Alouette III-helikopters plus hulle bemannings is twee-twee per keer vervoer. Daarby is troepe vanaf Pretoria, Bloemfontein en

---

8 *Barnard-versameling*, bandopname van onderhoud met genl. Willem Hechter, 12 Maart 1997; Alan Slade, 16 Junie 1997. Vergelyk Peter Stiff, *The covert war. Koevoet operations Namibia, 1979-1989* (Gibraltar, 2004), pp. 35-37.

9 *Barnard-versameling*, bandopname van onderhoude met Alan Slade, 16 Junie 1997; John Church, 18 Junie 1997; vergelyk Willem Steenkamp, *South Africa's Border War, 1966-1989* (Gibraltar, 1989), pp. 180-184; SA Defence Contact Bureau, *The Contact Bureau's Analysis of the TRC Report* (Pretoria, 1999).

10 Stiff, p. 398.

Upington aangery om die inval van SWAPO te help stuit. 'n Voormalige bevelvoerder van 28 Eskader (1996), kol. Maré, onthou die byna koorsagtige haas waarmee daar opgetree moes word nog baie goed. "Ons het letterlik ure en ure aaneen gevlieg om die Suid-Afrikaanse Weermag weer slaggereed te kry", en dan voeg hy by: "In 'n stadium moes ons noodgedwonge maar halt roep, want van die bemanning het sommer so in die vliegtuig se stoele aan die slaap geraak."[11]

Dat hierdie optrede 'n reusesukses was, lei geen twyfel nie, want teen die 3de April was daar reeds 18 Alouette III-geskuthelikopters wat ten volle missiegereed was, terwyl daar minstens vier Impala-vlieëniers en hulle vliegtuie, asook 'n aantal Puma-helikopters, in die gebied teenwoordig was.[12] Uit watter hoek daar ookal na hierdie optrede gekyk word, spreek die vermoë van die Suid-Afrikaanse Lugmag om letterlik binne 'n paar ure 'n gevegsmag van so 'n omvang met die karige middele tot sy beskikking oor duisende kilometers te vervoer, boekdele.

Uit die persepsie van die SALM sal die Negedaagse Oorlog (soos PLAN se inval van 1 April 1989 bekend sou staan) veral om 'n paar redes onthou word. In die eerste plek was die optredes van die vlieëniers en bemannings van die Alouette III-helikopters van so 'n aard dat nie minder nie as agt lugmaglede die *Honoris Crux*-medalje vir dapperheid ontvang het. Reeds op die eerste oggend van die inval het kapt. Alan Slade en sy vlugingenieur, sers. Theo Fredrikson, 'n Alouette III as troepedraer gebruik om Koevoet-lede in die omgewing net suid van Ruacana te hulp te snel. Alan Slade is heel filosofies oor die feit dat hy met 'n ongewapende Alo oor die vyand moes vlieg om sy taak uit te voer: "We were a sitting duck for SWAPO. But there were seriously wounded men stranded in the middle of the Battle Zone - and someone had to get them out."[13]

In die ontruimingsproses van die ernstig gewonde polisielede is die Alo van Slade verskeie kere getref, maar hy het tog daarin geslaag om met sy vrag veilig na Ondangwa te vlieg. Gedurende die nag het Fredrikson daarin geslaag om die Alouette weer diensbaar te kry om vir Slade en homself in staat te stel om vroeg die volgende dag nog twee keer ernstig-gewonde Koevoet-lede uit die gevegsone te gaan haal. Uit 'n sitaat wat oor die voorval opgestel is, blyk dit duidelik dat kapt. Slade en sy boordtegnikus op verskeie uiters moeilike missies vertrek het. So het hulle bv. op 2 April 1989 vir 'n tweede keer, ten spyte van hewige vyandelike vuur, gewondes afgevoer. Slade het persoonlike veiligheid eenvoudig verontagsaam en kalm en berekend die missie voltooi.[14] Vir hulle buitengewone dapper optrede het Alan Slade en Theodore Fredrikson albei die *Honoris Crux* (silwer)-medalje ontvang.

11 *Barnard-versameling*, bandopname van onderhoud met kol. Maré, 27 Augustus 1996.

12 *Barnard-versameling*, bandopname van onderhoude met genl. Willem Hechter, 12 Junie 1997; kol. John Church, 18 Junie 1997; kapt. Alan Slade, 16 Junie 1997.

13 *Barnard-versameling*, bandopname van onderhoud met kapt. Alan Slade, 16 Junie 1997.

14 Ian Uys, *Cross of honour* (Kaapstad, 1992), p. 148. Vergelyk ook Stiff, pp. 340, 353, 370-374.

Ses ander lede van die Lugmag het ook tydens dieselfde "Negedaagse Oorlog" die *Honoris Crux*-medaljes ontvang. Hulle was maj. Allan McCarthy en sy boordtegnikus, vlugsersant Esais Engelbertus Steyn, kapt. Mario Vergottini, met sers. Emmanuel de Toubaix as boordtegnikus, en kapt. Etienne Eksteen en sy boordtegnikus, sers. Gerhard Fourie.[15] In geval van die eersgenoemde vier het die voorvalle wat tot hulle heldedade aanleiding gegee het op 2 April plaasgevind, terwyl hulle met twee Alouette III-gevegshelikopters (die SALM het in daardie stadium reeds toestemming gekry om wel met geskuthelikopters op te tree) noue lugsteun aan elemente van Koevoet verleen wat in hewige gevegte met magte van PLAN betrokke was. Ten spyte van kleingeweervuur, RPG-7's, asook SAM-7's wat na hulle afgevuur is, het die twee Alo's hulle posisies bly behou en die vyand gevoelige verliese toegedien. Verder het hulle ook noue lugsteun aan 'n SALM-Puma verskaf wat gewondes uit die gevegsone ontruim het. Wat in hierdie besondere geval die aandag getrek het, was die professionele optrede van die twee Alouette-bemannings. Die boordtegnici het met akkurate vuur die vyand geneutraliseer, terwyl die twee vlieëniers deur hulle leierskap, onselfsugtige en onverskrokke optrede 'n voorbeeld vir almal gestel het.

Eksteen en Fourie het met hulle heldhaftige optrede op 3 en 6 April, ten spyte van hewige vyandelike vuur, daarin geslaag om hulle gestelde doelwitte te bereik. Daardeur is die vyand gevoelige verliese toegedien. Dit moet uiteraard beklemtoon word dat elkeen van die helikopterbemannings, soos sovele kere in die verlede, hulle deel gedoen het om noue lugsteun aan eie magte te verskaf, en terselfdertyd daarin geslaag het om onder hewige vuur die vyand verliese toe te dien. Almal kon nie medaljes kry nie, maar het beslis as span saamgewerk om die helikopters se optrede, in die nege dae wat hierdie skermutselings geduur het, een van die hoogtepunte in die stryd van 23 jaar te maak.[16]

Dit was egter nie net helikopters en ligte vliegtuie wat vanaf lugmagkant by hierdie skermutselings betrokke was nie. Kol. (maj.) Jan Minnie was die missieleier van die vier Impala-vegters wat inderhaas na Ondangwa gestuur is om in 'n noodgeval noue lugsteun te verskaf. Hierdie noodgeval het hom op 4 April voorgedoen toe elemente van die Suid-Afrikaanse Polisie en die Leër in 'n hewige geveg met PLAN-vegters betrokke geraak het. Laasgenoemde was goed ingegrawe en die Suid-Afrikaanse magte kon nie daarin slaag om die oorhand te kry nie. Ten einde raad is die hulp van die vier Impala-vegters vanaf Ondangwa ingeroep.

Na 'n paar jaar kan Jan Minnie nog duidelik onthou hoedat hulle die oggend vir die eerste keer tydens die skermutselings gespaander is om 'n aanval op 'n vyandelike teiken, so sewe tot tien minute se vliegtyd per Impala noordoos van Ondangwa, uit

15 Uys, pp. 148-150.

16 *Barnard-versameling*, bandopname van onderhoude met genl. HAP Potgieter, 13 Maart 1997; John Church, 18 Junie 1997; kapt. Opperman, 22 Februarie 1998.

te voer. Nadat hulle op Ondangwa opgestyg het en tot die regte hoogte geklim het, het die vierskip Impalas van die noorde na die suide oor die teiken ingerol. Minnie onthou nog goed dat daar, ten spyte van ’n groot konsentrasie van die vyand, geen vyandelike missiele na hulle afgevuur is nie. Tydens die aanval, wat terloops baie suksesvol was, het slegs twee Impalas daarin geslaag om hulle bomme af te lewer, omdat die stelsels nie goed gefunksioneer het nie. So met die tong in die kies vertel Minnie dat die storie onder die UNTAG-offisiere versprei is dat die aanvalle van twee Impalas genoeg was om die vyand te demoraliseer en dat die res van die bomme na Ondangwa teruggebring is vir latere gebruik.[17] Wat die UNTAG-magte ook al geglo het, die aanval van Minnie se vierskip Impalas was die eerste en beslis ook die laaste keer dat vegters binne die grense van SWA/Namibië gebruik is.

Die einde van die skermutselings het byna net so onverwags gekom as wat dit op 1 April begin het. Na die inmenging van al die betrokke rolspelers is daar by Mount Etjo, net noord van Windhoek, besluit dat UNTAG op 11 April versamelpunte sou stig waar die oorblywende PLAN-vegters hulle kon aanmeld, vanwaar hulle na ’n gebied noord van die 16de parallel geneem sou word. Hoewel slegs enkele PLAN-vegters van hierdie vergunning gebruik gemaak het, was die vyandelikhede verby. Die laaste hoofstuk van die Grensoorlog, wat langer as 23 jaar geduur het, was letterlik in bloed geskryf, want in die nege dae het die Suid-Afrikaanse magte 23 lede verloor, terwyl 90 gewond is. Die PLAN-vegters het meer as 270 man verloor, terwyl ’n onbekende getal gewond en 22 ook gevange geneem is.[18]

Die doel van hierdie artikel is hoofsaaklik om die SALM se finale onttrekking uit SWA/Namibië, na vyandelikhede van bykans 23 jaar, van naderby te ontleed. Vir diegene wat daarin belangstel, moet dit duidelik gestel word dat die outeur geensins op die omstredenheid van die inval van 1 April 1989 uitbrei nie. Vanuit die hoek van SWAPO gesien, was dit kaders wat na die UNTAG-magte gesoek het om hulle oor te gee.[19]

Vra egter die lede van die polisie, SALM en ander Suid-Afrikaanse magte en hulle deel jou mee dat dit van die hewigste gevegte gedurende die gewapende stryd van ongeveer 23 jaar was.[20] Bloot die bewapening van die SWAPO-magte is ’n bevestiging van hierdie standpunt.

Na die “Negedaagse Oorlog” is alle vyandelikhede gestaak en al wat vir die Suid-Afrikaanse Weermag oorgebly het om te doen, was om uit die gebied te onttrek. Die groot skoonmaak- en opruimoperasie het nou voorgelê - ’n taak wat nie

---

17 *Barnard-versameling*, bandopname van onderhoud met kol. Jan Minnie, 27 September 1996.

18 Steenkamp, pp. 183-184; Stiff, p. 465.

19 D Herbstein en J Evenson, *The devils are among us. The war for Namibia* (Londen 1989), p. 181. Vergelyk ook Stiff, pp. 400-465; Steenkamp, pp. 180-184; George, pp. 256-258.

20 Eenheidsgeskiedenis. *Die geskiedenis van 310 LMBP vanaf 1976 tot Junie 1989*, pp. 37-39. Vergelyk ook verskeie ander bronne: Uys, pp. 148-150; Stiff, hele bron; *Sunday Times*, 2 April 1989; *Die Burger*, 3 April 1989.

binne enkele weke afgehandel sou kon word nie, as daar in ag geneem word dat die vyandelikhede vir meer as twee dekades lank geduur het.

Die Suid-Afrikaanse mag van 1 500 man wat in SWA/Namibië moes agterbly nadat die Verenigde Nasies se Resolusie 435 op 1 April 1989 in werking getree het, is amptelik die Merlin-mag genoem. Die Lugmag was deel van hierdie opset, maar is slegs op heel beperkte skaal deur ’n MLOS-span verteenwoordig, wat onder die bevel van Steve Ferreira gestaan het. Hulle taak was om op lugmagvlak die hele proses te monitor en die verskillende lede van die UNTAG-magte by te staan wat lugmagaangeleenthede betref. Twee sake waaraan die Suid-Afrikaanse Lugmag gedurende hierdie tyd dringende aandag moes gee, was die logistiese probleme waarmee die UNTAG-magte opgeskeep gesit het. Van die UNTAG-personeel was net nie daaraan gewoond om operasies op hierdie skaal te hanteer nie en die kennis en ervaring van die SALM het handig te pas gekom.

Die SA Lugmag het in hierdie tyd verder ook veral sekere helikoptervlieëniers die vliegkunsies geleer. Van die vlieëniers van die UNTAG-magte was nie regtig opgelei om kaart te lees nie, en die plat boswêreld van Ovamboland het nie juis veel gehelp om die navigasieproses te vergemaklik nie. Oor die algemeen het daar egter in hierdie tyd ’n baie goeie verhouding tussen die lede van die SA Lugmag en ander lugmagte wat in die gebied opgetree het, bestaan.

Die politieke besluite wat om rondetafels geneem is, het die militêre vyandelikhede tot ’n einde gebring. Al wat nog oorgebly het, was om die finale onttrekking van manskappe en toerusting af te handel. Die troepe kon maklik uitgevlieg word, maar die verwydering van die toerusting wat oor ’n tydperk van meer as 23 jaar in die gebied versamel is, is ’n perd van ’n ander kleur. Brig. Gert Nel van die Suid-Afrikaanse Leër is as die amptelike koördineerder van die hele proses aangestel. Hoewel daar byna daagliks kontak en baie noue steun was, is besluit dat elke weermagsdeel vir sy eie verwydering van toerusting verantwoordelik sou wees. Wat die SALM betref, het kol. Koos Botha hierdie verantwoordelikheid op hom geneem. Hy is bygestaan deur ’n span bekwame lugmagmanne onder die bevel van kol. Jan Herzelman, maj. (kmdt.) MG (Trevor) Dawes, sers.-maj. Frik van Rhyn en vlugsersant Gerrie Maas. Hierdie senior mense is deur ’n aantal junior lugmagmanne gehelp, wat op ’n rotasiebasis van vyf op ’n keer, dag en nag gewerk het om die gestelde doelwitte te bereik. Dit moet egter duidelik gestel word dat hulle nie amptelik deel van die Merlin-magte uitgemaak het nie en vir die maande wat hulle met hierdie taak besig was, het hulle siviele klere gedra. Uit die aard van die saak was hierdie toerusting die private eiendom van die betrokke eenheid en het hulle alle verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.[21]

---

[21] *Barnard-versameling*, bandopname van onderhoude met kol. Koos Botha, 27 Augustus 1996, kol. Jan Herzelman, 29 September 1997 en maj. Trevor Davies, 23 Februarie 1998.

Die Suid-Afrikaanse Lugmag se onttrekking van al sy voorraad en toerusting uit SWA/Namibië het op die volgende prosedure berus: elke eenheid het die reg gehad om sy eie momento's eerste te ontruim en na die tuisbasis te bring. Daarna het die span wat vir die onttrekking verantwoordelik was, al die lugmagbasisse in die noorde van SWA/Namibië besoek - dit sluit basisse in soos Ondangwa, Mpacha, Rundu, Eenhana en Ruacana. Hier is elke item sorgvuldig nagegaan volgens die beginsel dat alles wat herwinbaar en koste-doeltreffend was, en in die RSA gebruik kon word, na die "States" (die troepe se woord vir die Republiek van Suid-Afrika) teruggestuur moes word. Die res van die toerusting sou per openbare veiling aan die hoogste bieër aangebied word. 'n Enkele voorbeeld hiervan is die verkoop van "SAAF City" op Mpacha. Nadat drie tenders ontvang is, is die hele opset vir R35 000 verkoop – die bedrag is in die Lugmagfonds gestort.

Die oorskot van die Suid-Afrikaanse Lugmag se voorraad en toerusting is op drie openbare veilings op Grootfontein, Ondangwa en Rundu verkoop. Ten spyte van wilde bewerings van korrupsie, is die vendusies lank voor die tyd geadverteer en deur privaat organisasies behartig. Dat daar sekere winskopies te kry was, is gewis, want die Lugmag se uitdruklike bevel was dat al die voorraad wat nie na die Republiek van Suid-Afrika teruggeneem kon word nie, van die hand gesit moet word. 'n Mens kan maar self besluit hoe groot die winskoop was van beddens waarop troepe meer as twee dekades lank geslaap het, of Gladiator-trokke waarvan die radar gestroop is en wat vir byna 20 jaar lank, sonder om 'n enkele tree te loop, in die warm Namibiese son gestaan het.

Al die herwinbare voorraad en toerusting is sorgvuldig verpak en per pad na Grootfontein vervoer, van waar die finale ontruiming plaasgevind het. Trevor Dawes sal hierdie tyd in sy lewe nie maklik vergeet nie. "We lived, ate, slept in the trucks ... I can tell you, this was hard work."[22]

Die herwinning van die ammunisie was een van die grootste probleme waarmee die span te doen gekry het. As gevolg van die feit dat sommige vir jare lank geberg was, het dit onstabiel begin word en was die enigste oplossing om dit met 'n groot ontploffing vir altyd skadeloos te stel. Wat die geboue betref, het die internasionale wet van vrye reg tot okkupasie gegeld. Ten spyte hiervan, is geeneen van die geboue geplunder of gestroop nie - selfs die aanloopbane, wat in elk geval deur UNTAG gebruik is, is net so gelaat. Jan Herzelman kan tot vandag toe nie glo dat daar 'n program vir die teer van die aanloopbaan op Rundu aan die gang was, terwyl die finale onttrekking plaasgevind het nie.[23]

Vanaf Grootfontein is die Lugmag se vooraad en toerusting, veral ammunisie en swaar voertuie, aanvanklik met treine na die Republiek van Suid-Afrika teruggestuur. Menige Namibiër het hulle verwonder aan die treine wat kilometerlange

---

22 Hattingh en Guinness, p. 11.

23 *Barnard-versameling*, bandopname van onderhoud met maj. Trevor Davies, 23 September 1997.

waens vol voorrade en toerusting vanaf die verskillende militêre basisse hoofsaaklik na Pretoria vervoer het. Enkele vlugte is ook met die vragvliegtuie van die Lugmag onderneem, veral toe die laaste personeellede vanaf die verskillende basisse ontruim is. Dit is byna onmoontlik om te glo, maar in ’n stadium was daar so ’n tekort aan trokke by die Spoorweë, dat die ontruiming nie volgens die tydskale verloop het nie. Die enigste ander oplossing was om van privaat vervoerders gebruik te maak en so het dosyne siviele vragmotors en meubelvervoerders gehelp om die Suid-Afrikaanse Lugmag op ’n geordende wyse uit SWA/Namibië te ontruim. In die RSA is die voorraad hoofsaaklik by twee hoofkwartiere ontvang, naamlik Lenz naby Potchefstroom en Snake Valley in Pretoria. Hiervandaan is die nodige toewysing gedoen en kon die voorraad na die verskillende depots, hoofkwartiere en eenhede gestuur word.

Wat die afskaling van die SALM in SWA/Namibië betref, is 310 Lugmag Bevelspos (LMBP) geleidelik afgeskaal en het kol. Ferreira, maj. Pienaar en maj. Marais gedurende Mei 1989 na Grootfontein verhuis, waar hierdie basis ingerig is om die Merlin-magte behulpsaam te wees. Twee veterane van die Grensoorlog, kolonels John Church en Labuschagne het op Oshakati gebly om behulpsaam te wees met die finale ontbinding van 310 LMBP. Sein SO OPS PLN / 185 / 12 Junie 1989 het die einde aangekondig van die bestaan van hierdie bevelspos wat gedurende die Grensoorlog in byna elke opsig die kern gevorm het van die SALM se operasionele optrede.

Op 16 Junie 1989 het die SALM finaal sy vlag op Oshakati gestryk. By hierdie geleentheid is ’n klein parade gehou, waar die erewag deur valskermsoldate gevorm is.[24]

Vir die span wat vir maande lank besig was met die ontruiming was dit ’n vreugdevolle dag toe hulle taak afgehandel was. Een ding wat hierdie manne nooit sal vergeet nie, is die harde werk, die sweet, die ongenaakbare Namibiese son, die droë rantsoene toe al die kombuise alreeds weggeneem is, die warm bier, maar dan ook die kameraadskap, die groepsgees en die wete dat die taak met bekwaamheid en binne die tydskedules afgehandel is.[25]

Die Bevelvoerder Westelike Lugmagkommandement, brig. Hechter, is in Oktober 1989 na LMHK in Pretoria verplaas, en kol. Faan Louw is as waarnemende bevelvoerder in Namibië aangestel. Die Suid-Afrikaanse Lugmagmanne het die basisse wat hulle oor dekades heen liefgekry en uitgebou het, die een na die ander verlaat. So het die laaste Flossie, met die oorblywende personeel aan boord, die lughawe op Mpacha op 10 Desember 1989 te midde van ’n somber stilte verlaat. Dieselfde het op Rundu gebeur, want ’n dag later is die laaste lugmagteenwoordigheid ook hiervandaan onttrek. Ondangwa se beurt het op 14 Desember gekom toe die lugmagbasis formeel aan die UNTAG-bevelvoerder van die streek oorhandig is. So ongesiens sou die enkele lugmagmanne egter ook nie die dag van die finale onttrekking uit Namibië laat verbygaan nie.

24 *Barnard-versameling*, bandopname van onderhoud met kol. Jan Herzelman, 29 September 1997.

25 *Barnard-versameling*, bandopname van onderhoud met kol. Koos Botha, 27 Augustus 1996.

Op 13 Maart 1990 het die laaste Dakota van 25 Eskader Namibië verlaat – Dakota 6820 met kapteins Hendrik Scheepers en Ian Pentz as bemanning. Op dieselfde dag het die laaste King Air met maj. Dave van Reenen en kapt. Roddy Holtzhausen aan die stuurstok sy finale verbyvlug oor die klein lughawetjie van Eros aan die buitewyke van Windhoek gedoen. Op die rostrum om die saluut te neem, was die laaste lugmagmanne, waaronder sers.-maj. Bachus Rautenbach.[26] Vir hierdie strydrosse van die Grensoorlog was 'n leeftyd en 'n loopbaan verby. Hulle sou nie weer aksie beleef nie en sou aan 'n nuwe leefwyse in 'n warm kantoortjie êrens op 'n basis binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika gewoond moes raak. Die finale onttrekking van die SALM uit Suid-Angola en Noord-Namibië het noodwendig die einde van 'n uitdagende era in die geskiedenis van hierdie organisasie beteken. Die optrede wat oor meer as 23 jaar gestrek het (1966-1989), het deur verskillende fases beweeg. Dit begin met 'n relatief swak-voorbereide lugmag, met onervare en ongetoetste personeel, wat in 'n onkonvensionele stryd baie kilometers ver weg van die tuisbasisse moes optree. Aanvanklik het die SALM byna volkome lugsuperioriteit in veral Angola geniet. Die vyandelikhede het egter geëskaleer tot 'n punt waar daar 'n byna volskaalse oorlog gevoer is, en waar verouderde SA vliegtuie en stelsels teen die modernste Russiese vliegtuie en stelsels getoets is. Dit is in hierdie stadium dat die SALM sy personeel en toerusting tot die uiterste getoets het. Genl. Dick Lord spreek gepas die laaste woorde: "We have transitioned from a fledgeling Air Force to a proud Eagle Air Force."[27]

---

26 Eenheidsgeskiedenis. *Die geskiedenis van 310 LMBP vanaf 1976 tot Junie 1989*, p. 39.

27 *Barnard-versameling*, bandopname van onderhoud met sers.-maj. Bachus Rautenbach, 23 Februarie 1996.